NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

# Tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

Augustus 2001 August 2001

## Redaksioneel

Wel, dit is nou darem alweer deur die middel van die winter, 'n mens kan dus begin om beitels te slyp en die werkplek reg te kry vir so 'n bietjie werk na-ure.

I do hope that most of us will have a desire to start working again, as Projek Plank once again proved that we are inherently a lazy lot. Too few of us are willing to make things and to have it exhibited so that others can have a look at it. We still have about 3 months to make amends and make a contribution to the yearly exhibition.

Ek het nou onlangs die voorreg gehad om 'n draai by Buks Welgemoed se huis te kon gooi. (Dit was om van daardie "Magic Wood" te koop. Die goed werk regtig sommer baie goed) Tydens my besoek het ek weer gesien dat ons steeds moet dink aan "Workshop Crawls" Ek het hier 'n groot verskeidenheid hout gesien, sommige het ek nog nooit voorheen van gehoor nie- maar Buks het daarvan, en kan vir jou mooi vertel waarvoor dit geskik sal wees ens. Die punt wat ek probeer oorbring is dat ons soveel het om van mekaar te leer. Dit is regtig lekker om te sien wat ander ouens doen, of wat se snaakse hulpmiddels, gereedskap en wat nog in hul werkplekke versteek is. Wat vir jou alledaags mag wees is vir die volgende ou 'n ervaring. Kom ons probeer steeds om die "Crawls" te laat herleef, al is dit dan ook net onderling tussen lede. Ek glo nog altyd dit is een van die belangriker metodes om te leer hoe om dinge te doen.

## Vorige vergadering

Ons vorige vergadering het sommer heel lekker verloop. Okkie het eerstens 'n heel boeiende praatjie gelewer oor die kleur (stain) van hout. Dit is baie duidelik dat 'n mens maar deurlopend met hierdie tegniek moet eksperimenteer, ten einde dit goed te kan doen.

We then had a very informative talk on glues and the best way to do it. From the questions coming from the floor, it was evident that a lot of us gained a lot of new knowledge about this very basic aspect of woodworking. It is nice to see that Genkem, and specifically Pierre Brittz, is really interested in problems we may experience and they are keen to help with advice in tricky situations. You must remember that Buks Welgemoed is our contact person within the association. Should you require any help on glue problems, do not hesitate to contact him.

That then brings us to the main event of the evening, namely "Projek Plank". As was said before, it is a pity that we still did not have a lot of participants, although it was better than most of the previous years. Due to members like Theo van Wyk, David Franks and Jack Munting, we had a nice volume of articles. I do think that all those present will agree that the quality of the exhibits were of a very high standard. It was furthermore clear that the entrants, especially Theo, had the aim of "Porjek Plank" in mind when they made these articles. It really seemed as if Theo had the fun in woodworking in mind when he made his excellent first-prize winning corkscrew.

Die pryse is deur die volgende lede gewen:

- 1ste prys: Theo van Wyk- Kurktrekker.
- 2de prys: David Franks – Figuursaag horlosie.
- 3de prys: Gedeel deur Willie de Wet – gedraaide lamp en Sakkie Hattingh met sy geelhout tafel.

Net om dit weer by julle almal tuis te bring dat die komitee Projek Plank ernstig opneem, kan ek noem dat die eerste prys beloon is met 'n

Festo koordlose boor, ter waarde van ongeveer R2000 plus 'n verdere R500 vir die ander pryse.

## Volgende vergadering

Ons volgende vergadering, weer eens by die Kollege, is op **29 Augustus**. Die aand sal gewy word aan die maak van tafels. Hierby ingesluit is die maak van die blad, raam en pote asook draaiwerk en bandsaagwerk verbonde aan so 'n projek. Ek glo ek kan sê dat een en almal dan 'n goeie idée sal hê oor hoe om 'n ordentlike tafel aanmekaar te slaan. (Dit is nou 'n tafel wat sal voldoen aan die geykte vereistes, wat deur die jare getoon het waaraan die houtwerk moet voldoen om 'n tafel te maak wat by sy fuksionalitiet, ook aan die estetiese aandag sal gee)

## Besoek aan Hartmann & Keppler **Deur Lou Coetzer**

Vir 15 van ons vereniging se lede (plus Carl se vrou), het die besoek aan Hartmann & Keppler op Woensdag 11 Julie gerealiseer. Ten spyte van 'n padkaart het een groepie in (donker) Hillbrow beland en met 'n ompad by die bestemming uitgekom.

Hartmann & Keppler is 'n maatskappy in die meubelbedryf en is in Doornfontein, Johannesburg, geleë. Die maatskappy spesialiseer in die vervaardiging van hoë kwaliteit meubels vir veral die hotelbedryf. Die maatskappy het bekend geword vir sommige van die baie besondere en baie eksklusiewe meubel- en ander stukke wat hulle vir die hotel en kompleks op Sun City asook ander casino's vervaardig het. Sommige prototipes van daardie stukke is steeds by die fabriek te sien.

Besoekers is altyd baie welkom by hulle vertoonlokaal in Hatfield (te Pretoriusstr. 1189), in Pretoria, waar 'n hele reeks en groot verskeidenheid meubels besigtig en ook bestellings geplaas kan word. Dit was egter by hoë uitsondering dat 'n groep besoekers by hul fabriek toegelaat is. Dit gebeur baie selde, maar die vereniging se goeie naam het die deurslag gegee.

Ons is deur die voorsitter self, mnr Rein Hartmann, verwelkom. Hy het die *modus operandus* van die fabriek aan ons uiteengesit, en by navraag van 'n lid, verduidelik hoe hulle te werk gaan om nuwe stukke te ontwerp. Dit word hoofsaaklik in samewerking met 'n ontwerper uit Italië gedoen, wat altyd ten nouste saam met een of meer binneshuise versierders werk. Daarna het hy ons groep aan mnr van Heerden, die algemene voorman en lopende ensiklopedie, oorhandig om ons in die fabriek rond te wys en vrae te beantwoord.

Die fabriek beslaan 'n paar aangrensende geboue wat met kort gange aan mekaar geskakel is, met ten minste drie vlakke in die hoofgebou. Daar moes baie met trappe op- en afgeklim word om die verskillende afdelings te kon besigtig. Aan die einde van die besoek het almal saamgestem dat Cobus Champion 'n regte kampioen' was omdat hy die hele tyd bygehou het ten spyte van al die baie trappe. Mooi so Cobus, jou entoesiasme was 'n goeie voorbeeld vir ons.

My mond het natuurlik semi-permanent oopgehang by aanskoue van al die verskillende bedrywighede, die werkers se toegewydheid en almal se bedrewenheid en handvaardigheid. Die masjinerie in gebruik het vanaf baie oud maar steeds in gebruik, tot hiper-modern gevarieer. My hoogste agting was vir die manne wat die houtsneëwerk doen en dit heeldag staande verrig. Dit moet beklemtoon word dat by elke afdeling wat ons besoek het, groot kundigheid vanweë baie jare se ervaring aan die orde van die dag was. Elke aksie wat gedemonstreer is, het dit beklemtoon. Verder was dit opvallend hoe die lede van ons groep se belangstelling gevarieer het. Dit het ook duidelik geblyk uit die vrae wat deur verskillende lede by die verskillende afdelings gestel is. Hulle het dan ook meer tyd by 'n bepaalde aktiwiteit bestee soos by die voorbereiding en uitsny van stukke, óf die veneer-afdeling, óf die montering van stukke, óf die afskuur en spuitverf van stukke, óf al die hulpmiddels ("gadgets"). Vir my was dit egter verblydend om waar te neem dat elke besoeker iewers in die fabriek by een of meer afdeling raakpunte in hul belangstellingsveld kon vind en met intense aandag kon luister en kyk.

Uit die staanspoor is die besoek vir hoogstens 2 ure beplan, maar ons moes onsself wegdwing toe die sirene vir middagete loei en die werkers die masjinerie begin afskakel. Almal was verbaas oor hoe vinnig die tyd verby gevlieg het.

Nadat mnre Hartmann & Van Heerden bedank is, het die manne traag omgedraai na die motors vir die terugtog. Ek is egter seker dat menige idee vir nuwe projekte daardie Woensdag in die fabriek van Hartmann & Keppler gebore is. Hopelik sal ons in die

toekoms baie daarvan by projek-"plank" en ons jaarlikse uitstallings sien.

## Draaiers sub-groep

Ons byeenkoms, by David Malan, was weer eens 'n groot sukses. The lidded boxes and other homework items were once again of a very high standard. Willie was the first to produce a hand mirror, and it is clear that it takes a lot more than one thinks to produce one of those.

David se draaibank is ook iets wat 'n mens net kan bewonder. Ek dink dit is jammer dat hierdie 'n "one off" gaan wees. Ek kan egter verstaan dat 'n man nie maklik soïets twee keer wil aanpak nie. Vir die van julle wat dink daaraan om vir hulself draaibanke te bou, en wat natuurlik oor 'n goeie kennis en vaardigheid vir die maak van metaal projekte beskik, kan ek aanbeveel om 'n draai by David te maak. Ek glo jy sal sommer lekker wenke kan bekom om 'n werkilk goeie masjien te bou.

## Volgende draaiers-byeenkoms

Die volgende byeenkoms word **op 28 Augustus** by Leon Langenhoven gehou. **(Kyk elders in die uitgawe vir 'n kaart hoe om daar uit te kom)** Die tyd is steeds 18h00, behalwe vir daardie ouens wat 'n besoek by die klip-groef will gaan aflê om na die klipdraaibank te gaan kyk. **Die laasgenoemde lede moet sorg dat hulle reeds om 15h00 by Leon se huis is. Hulle sal dan die besoek gaan aflê waarna die normale byeenkoms om 18h00 sal afskop.**

Ons huiswerk vir hierdie maand is een (of meer) van die volgende:

- 'n Appel met 'n deksel (Lidded apple)
- 'n Lamp en natuurlik,
- 'n Handspieël.

## Visit by an international turner

The Association of Woodturners of SA has invited an internationally renowned turner, by the name of Phil Irons, to visit South Africa. He will be visiting all the various sections of woodturners, (members of the AWSA) throughout the country, as well as attending the annual congress in East London. At the congress he will be giving his normal demonstrations and he will assist with the judging of items on show.

This man is especially known for his turning of large vessels, hollowed out through small openings. At the various clubs throughout the country, he will be giving demonstrations on advanced turning techniques. Furthermore he will hold advanced turning classes for those interested.

The visit to Pretoria will be from the afternoon Friday 28 September to the afternoon of Saturday 29 September.

Hier in Pretoria het ons 'n wesentlike probleem deurdat ons nie oor 'n werklik geskikte lokaal beskik om reg aan die man se besoek te laat geskied nie. Die enigste plek waar ons toegang tot ordentlike draaibanke het, en waar 'n redelike hoeveelheid lede kan bywoon om te kyk, of om 'n kursus by te woon, is die werkwinkel van At Smit. Ons sal moontlik 3-4 goeie draaibanke daar kan laat werk. Die plek laat ook nie juis veel meer as 20 mense toe om by te woon, hetsy as deelnemers of toeskouers nie.

Na vele gesprekke, onderling in die draaigroep en met die bestuur, is die volgende besluite in beginsel geneem:

- **Soveel moontlik lede moet 'n kans kry om die persoon te sien optree.**
- **Soveel moontlik lede moet die klasse kan bywoon.**
- **Waar daar 'n tekort aan fasiliteite is moet die bonafide draaiers voorkeur geniet.**
- **Almal om kennis te neem dat dit nie die bedoeling is om beginersklasse aan te bied nie.**
- **Diegene van ons wat wel gaan bywoon kan hul kennis op 'n latere geleentheid aan andere oordra.**

Die klasse kos tussen R600 vir 'n heel dag tot R200 vir 'n halwe dag per persoon. Die pryse wissel afhangend van die hoeveelheid studente wat ge-akkommodeer word. (Indien daar meer detail verlang word , word lede versoek om een van die ondergenoemde sub-komitee te kontak)

**Daar is 'n sub-komitee, nl. At Smit, Jack Munting en Lou Coetzer, gekies om die finale reëlings te finaliseer.**

**Enige persoon wat belangstel om die demonstrasie en of die klasse by te woon, moet hul name teen 28 Aug aan Lou Coetzer verskaf.** Die sub-komitee sal dan, volgens die bogenoemde beginsels, besluit wie kan en wie kan nie bywoon nie.

Dit word vertrou dat al ons lede die noodsaaklikheid van hierdie reëlings sal insien. Ons vertrou dan ook verder dat hierdie ou se besoek sal bydra om die algemene standaard van ons draaiers aansienlik te verbeter.

## Jaarlikse Uitstalling


**Ons is alweer baie naby aan die einde van die jaar en ons tradisionele uitstalling, wat hierdie jaar op 10 November gehou word.**

Ons het die afgelope aantal jare daarin geslaag om telkens 'n groot sukses van die dag te maak en dit is die plan om hierdie jaar weer eens te verbeter op ons vorige poging. Ons moet eerstens onthou dat die hoofdoelwit van die uitstalling is om ons lede se werk ten toon te stel sodat ons, en ook die algemene publiek, dit kan waardeer. 'n Groot beroep gaan dus nogmaals op dat julle items beskkbaar moet stel. **(Maak dit nou as jy dan regtig niks het nie)**

Die komitee het nou reeds die beoordelingsvorms voltooi en al die kategorieë vasgestel. Hierdie 5 kategorieë se beoordelingskriteria beslaan elk 1 bladsy. Dit was aanvanklik die bedoeling om dit by die Tambotie in te sluit, maar die posgeld is so hoog dat dit gevoel is dat ons dit liewers aan diegene wat dit graag sou wou hê op 'n individuele basis beskikbaar moet stel. **Indien u daarin belangstel, skakel my persoonlik, dan bring ek dit saam na die vergadering van 29 Augustus.** Die komitee vertrou dat sommige van ons hierdeur aangespoor sal word om tog maar te poog om iets vir die uitstalling uit die werkwinkel te kry. (Let asseblief daarop dat daar voortaan 5 kategorieë is naamlik:"

- Kategorie1: **Draaiwerk**
- Kategorie 2: **Meubelmaak**
- Kategorie 3: **Diverse**
- Kategorie 4: **Restourasie**
- Kategorie 5: **Speelgoed**

## Kaart Na Leon Langenhoven




## Stinkhout

10 Jaar gelede het 'n houtwerker van Bloemfontein sowat 1.5 m³ stinkhout, in planke opgesny, bekom. Die persoon is intussen oorlede en sy erfgenaam wil hierdie, kurkdroë, hout verkoop.

Enige lid wat belang sou stel kan die huidige eienaar in Bloemfontein skakel en 'n offer maak vir die hout. Die selfoonnommer om te skakel is 0837005065, Mnr de Buys.

## Redaksie

Louw Trichardt
Telefoon: 653 1874
Selfoon: 0823715643
Adres: Posbus 50606, Wierdapark, 0149
E-pos: louwmarie@icon.co.za